DOKUMENTASIE / INLIGTING BENODIG VIR REGISTRASIE VAN HUWELIKE

	BESKRYWING VAN DOKUMENT / INLIGTING	√	x
1	**SUID-AFRIKAANSE BURGERS**		
1.1	Afskrif van ID-dokument / -kaart van bruid (nie paspoort nie)		
1.2	Afskrif van ID-dokument / -kaart van bruidegom (nie paspoort nie)		
1.3	Afskrif van ID-dokument / -kaart van twee (2) getuies teenwoordig by seremonie – hulle teken register na afloop van seremonie ook.		
1.4	Voorhuwelikse kontrak: Brief van prokureur as bewys van voorhuwelikse kontrak. Indien binne gemeenskap van goedere trou, is geen dokument / bewys nodig nie.		
1.5	Egpaar se volledige straatadres na die troue – om op register in te vul		
1.6	Drie (3) paspoortgrootte foto's van bruid		
1.7	Drie (3) paspoortgrootte foto's van bruidegom		
1.8	Vingerafdrukke: Linker duimafdruk van beide bruid en bruidegom op register aangebring.		
1.9.1	**Indien geskei**: gesertifiseerde afskrif van Finale Egskeidingsbevel met duidelike stempel van hof, sowel as saaknommer.		
1.9.2	Egpaar se huwelikstatus moet vooraf by Binnelandse Sake nagegaan word.*		
1.10.1	**Indien weduwee/wewenaar**: gesertifiseerde afskrif van sterftesertifikaat van vorige eggenoot.		
1.10.2	Egpaar se huwelikstatus moet vooraf by Binnelandse Sake nagegaan word.*		
1.11	DBS se kwitansievorm as bewys van indiening van huwelik se dokumentasie.		

BUITELANDSE BURGERS

Die hoofkantoor van die Departement Binnelandse Sake (DBS) raai huweliksbevestigers (predikante) – wat volgens hulle stelsel as "eksterne huweliksbevestigers" geklassifiseer word – ten sterkste af om 'n huwelik te bevestig waar een of albei van die egpaar 'n buitelandse burger is.

Die DBS se eie amptenare (interne huweliksbevestigers) hanteer die wetlike sy van hierdie huweliksbevestigings. Ander (en bykomende) dokumentasie en vereistes word daarvoor voorgeskryf.

Dit staan predikante vry om steeds die kerklike seremonie vir die huwelikspaar te behartig.

Die bg reëling is 'n poging om korrupsie met onder meer sg "geriefshuwelike", waar 'n huwelik net voltrek word ten einde burgerskap te bekom, te bekamp.

*** Om huwelikstatus te bevestig:**

SMS die letter "M", gevolg deur die persoon se ID-nommer (byvoorbeeld M5001010050080) na 32551.